SKILDERKUNS
PALETMES SKILDER
RIGLYNE
Maksimum grootte saam met die montering is A3. Akriel of olieverf. Verkieslik nie gestrekte doek nie. 'n Harde/stewige (skilderdoek) oppervlak is nie alleen 'n veiliger opsie nie, maar maak ook die vervoer van jou kunswerk makliker. Verskillende paletmesse kan gebruik word om verskillende teksture te verkry, maar is nie verpligtend nie. Een grootte/tipe paletmes kan alleen ook gebruik word. 100% van jou prent moet met die paletmes gedoen word en verskillende tegnieke moet gebruik word.
WENKE
Akrielverf word plat droog en daarom moet 'n medium bygevoeg word om te verseker dat die tekstuur verkry kan word. Olieverf behou sy volume soos dit droog word. Verskillende tegnieke met jou paletmes sal sorg vir 'n hoër punt. Indien jy van krapwerk wil gebruik maak, moet jy seker maak die medium is van die begin af, deel van jou akriel verf. Die tipe paletwerk word bepaal deur die tipe prent. Rose/portrette is gevorderd. Eenvoudige stillewes is makliker vir die beginner. Toets die paletmes in die winkel, dit moet maklik buigbaar wees, maar nie buig en sy vorm dan so gebuig behou nie. Paletmes moet altyd reguit bly. Verf onderlaag verkieslik dun aan.

THE ART OF PAINTING
KNIFE PAINTING
GUIDELINES
Maximum size is A3 (including mounting). Acrylic or oil paint. Preferably not stretched canvass. A firm/stiff surface is not only a safer option but also make transportation of your artwork easier. Different painting knifes can be used to obtain diverse textures, but are not compulsory. Only one size painting knife may be used. The entire artwork (100%) must be done by knife painting and different techniques must be used.

TIPS
Acrylic paint dries flat and requires an additive to ensure that texture is maintained. Oil paint maintains its volume when it dries. Using different knife techniques will be scored higher.
If you make use of scratch work, the additive should be incorporated in the acrylic paint from the start. The knife painting technique is determined by the type of image. Roses / portraits are considered advanced. Simple still life or ocean images may be easier for beginners.
Test the painting knife before you buy it. A painting knife should be flexible and maintain its flat/straight form. It is preferable to use a thin undercoat.